

## **Sing vooraf staande: Psalm 27:1, 4 (p, 126)**

- 1 God is my lig, my heil; ek sal nie vrees nie; / Hy is die HEER wat hulp verskaf in nood;  
my lewenskrag, 'k hoef nie vervaard te wees nie, / want by die HEER is uitkoms teen die dood.  
As bendes my omring, 'n wilde hoop / in woeste vaart op my kom aangeloop,  
dan struikel hulle wat my vlees wou eet, / en stort terneer omdat hul God vergeet.
- 4 My hart sê my, omring deur donkerhede: / "O soek die HEER, die bron van lig en krag."  
Ek soek u aangesig in my gebede; / verberg dit nie wanneer ek op U wag.  
Wys tog u kneg nie af, dat ek, o HEER, / die glans van u genade nooit ontbeer.  
U is my hulp, die God van heil op wie / ek vas vertrou – begeef, verlaat my nie!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## **Psalm 147:1, 3 (p. 705)**

- 1 Laat voor die HEER 'n lofsang rys! / Hoe goed is dit om God te prys!  
Hoe lieflik om die lof te sing, / die lof wat ons aan Hom moet bring!  
Want Hy wil ons in guns aanskou, / Hy wil Jerusalem herbou  
en Isr'el wat verstrooid nog swerf, / versamel op die heil'ge erf.
- 3 Sing daarom voor die HEER u dank, / psalmsing Hom by die siterklank!  
Hom wat die lug met wolke oorsprei / en vir die aarde reen berei,  
wat op die berge gras en kruid, / die voedsel vir die vee laat spruit,  
die rawe-nes op milde wys / versorg, wanneer dit roep om spys.

Gebed

## **Psalm 145:3, 4 (p. 696)**

- 3 Omdat, o God, in dié geheimenis / vir ons vernuf geen grond of einde is,  
daarom prys ons u wêrk, u dáád van krag, / van kind tot kind, tot in die nageslag.
- 4 Die skitterglans wat uit u majesteit / u wonderwerk bestraal met heerlikheid,  
gedugte krag wat ons van angs laat vrees, / u grootheid, HEER – dit sal my lofsang wees.

**Skriflesing:** Psalm 50; Kolossense 4:2-6; Heidelbergse Kategismus, Sondag 45:116

**Kernvers:** Psalm 50:14-15

**Offer dank aan God, en betaal jou geloftes aan die Allerhoogste; en roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer.** (Psalm 50:14-15 AFR1953)

## **Heidelbergse Kategismus**

### **Vraag 116: Waarom is die gebed vir die Christene nodig?**

*Antwoord: Omdat dit die vernaamste deel van die dankbaarheid is wat God van ons eis (a), en omdat God sy genade en Heilige Gees alleen aan hulle wil gee wat Hom met hartlike versugtinge sonder ophou daarom bid en daarvoor dank (b).*

*(a) Ps 50:14. (b) Matt 7:7; Luk 11:9, 13; 1 Tess 5:17.*

## Tema: God eis dat ons Hom sal dank

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, van kleins af leer ons ouers ons om *dankie* te sê. En van al die goeie maniere wat ons ouers ons leer, is *dankie sê* seker die een wat ons die moeilikste aanleer. Dink maar net hoeveel moes ons as kinders herinner word om *dankie* te sê. En dit gebeur vandag nog met alle kinders.

Ons aanvaar so maklik dat iets vanselfsprekend vir ons gedoen moet word. Pa moet mos gaan werk sodat daar kos in die huis is en 'n dak oor ons kop. Ma moet mos die klere was en kos maak. As kinders aanvaar ons dit baie maal as ons reg. Ouers moet vir ons sorg. En as ouers begin kla, is die eerste ding wat baie maal genoem word: Niemand sê ooit dankie nie!

Maar kyk net hoe verander 'n mens se gesindheid en straal so 'n mens wanneer jy vir hom of haar *dankie* sê. Deur *dankie* te sê, gee 'n mens erkenning aan die ander persoon. Jy spreek jou waardering uit vir wat die ander een vir jou gedoen het. Die persoon wat die dank ontvang voel dat hy en sy tog nodig is en weet dat hulle vir iemand anders iets kan beteken.

Broers, susters en kinders, dit is nie net ons mense onderling wat mekaar moet herinner om *dankie* te sê nie. Dit is ook nie net ons mense wat die woord *dankie* hoog op prys stel nie. Ons almal sukkel so om te onthou om *dankie* te sê dat die Here ons eintlik beveel om vir Hom *dankie* te sê. Nog meer as wat ons mense *dankie* waardeer, waardeer die Here dit. Wanneer ons vir Hom *dankie* sê, erken ons Hom as ons God en Vader. Ons spreek ons waardering uit vir wat Hy vir ons doen. Dan loof ons Hom vir wat Hy regtig vir ons beteken.

Dit is reeds erg om wat mense vir ons doen as vanselfsprekend te aanvaar. Dit is eintlik ongeskik en lelik as kinders maar net aanvaar dat ma hulle klere sal was en stryk. En hulle behandel ma soos hulle bediende. Sy moet dit mos doen. En as dit vir jou ongeskik is, dink net hoe ongeskik dit is om so met die Here te maak. Om te dink dat 'n mens, wat in elk geval vir alles van die Here afhanklik is – selfs net vir elke asemteug – kan maak asof die Here eenvoudig nou maar net moet gee wat ons nodig het. En as die Here gegee het wat ons nodig het, en ons sê nie eers *dankie* vir Hom nie, dan maak ons – luister mooi – asof Hy, die almagtige en heilige God, ons bediende is. Die Here gaan sulke optrede nie van ons duld nie. Hy het sulke optrede ook nie verdra toe Israel so met Hom gemaak het nie.

Geliefdes, Psalm 50 is inderwaarheid 'n dagvaarding wat teen Israel beteken is. Kyk net hoe begin hierdie hofsak wat die Here begin. Die Here maak Homself eers bekend. Hy is **die God van die gode, die HERE**. God wat hier praat, is werklik die enigste, ware God. Hy is werklik God en niemand meer nie. Maar afgesien daarvan dat Hy die almagtige God is, is Hy ook die HERE, die God wat met sy volk 'n verbond gesluit het. Hy is die God wat Homself op 'n persoonlike wyse aan sy volk verbind het. Hy wil met hulle die pad saamloop. Hy wil hulle versorg met alles wat hulle nodig het. Hy wil – en Hy doen dit ook – al sy beloftes aan hulle waar maak. Hy doen dit alles net omdat Hy hulle tot die uiterste toe liefhet.

En nou roep God **die hele wêreld, van waar die son opkom tot waar hy ondergaan, op**. Al die mense op die aarde word deur die Here opgeroep. By die volk van die Here wat hoor dat die Here die hele wêreld na Hom toe roep, kom daar 'n groot verwagting. Gaan die Here nou uiteindelik die nasies van die wêreld tot verantwoording roep? Is dit nou die tyd dat die Here die nasies van die aarde – in sy regsgeeding met hulle – gaan oordeel oor al die onreg wat hulle aan die Here se volk gedoen het? Dit is gewoonlik die verwagting wat gelowiges het wanneer hulle hoor dat die Here met 'n hofsak gaan begin.

Die verwagting dat die Here die nasies gaan oordeel, groei sterker by die gelowiges wanneer hulle

sien in watter gesindheid die Here te voorskyn kom. **Onse God kom en kan nie swyg nie. Vuur verteer voor sy aangesig, en rondom Hom storm dit geweldig.** Hierdie verskyning van God saam met die verwagting wat daar by die volk begin leef het, maak dat die kerk van die Ou Testament opgewonde vir mekaar begin sê: “Jong, vandag is die dag. Ons Here gaan nie meer die teenstand van hierdie heidene teen ons duld nie. En, boeta, ek is bly ek is nie hulle nie, want kyk net hoe kwaad is die Here. Daar is ’n verterende vuur wat voor Hom uit brand. Rondom Hom woed daar ’n geweldige storm.”

Hierdie opgewondenheid by die volk word nog groter wanneer hulle hoor dat die Here ook nog die hemel en die aarde as getuies oproep in hierdie hofsaak. En hulle wat dink dat die Here nou ’n hofsaak teen die nasies van die aarde het, besef dat dit inderdaad ’n ingrypende oomblik gaan wees. En dan kom die skok. Hierdie hofsaak is nie die een waar die nasies van die aarde in die beskuldigdebank staan nie; Israel is in die beskuldigdebank! **Hy roep na die hemel daarbo, en na die aarde, om sy volk te oordeel.** En as die skrik so groot was dat hulle nie mooi gehoor het nie, herhaal die Here die opdrag: **Versamel my gunsgenote vir My, hulle wat my verbond by die offer sluit!** Hierdie hofsaak is nie om die nasies te oordeel nie. Hulle word opgeroep om getuies te wees wanneer die Here in hierdie hofsaak gaan oordeel of sy volk werklik is soos wat Hy hulle noem – **gunsgenote, getroues**, heiliges, gelowiges. Die uitslag van die hofsaak sal duidelik wys of die volk werklik gunsgenote van die Here is.

En as iemand sou dink dat die Here nou onregverdig geword het, getuig die hemel kliphard: **“God is regverdig, en Hy is die regter.”** Daar het nie ’n fout gekom in die Here se regstelsel nie. Die volk van die Here het nie per ongeluk in die beskuldigdebank beland nie, want luister na die klag teen die volk.

**Hoor, my volk, dat Ek kan spreek; Israel, dat Ek jou dit kan inskerp: Ek is God, jou God! Oor jou offers bestraf Ek jou nie, en jou brandoffers is altyddeur voor My.** Die hofstaak teen die volk gaan nie oor die feit dat hulle nooit aan die Here offers bring nie. Inteendeel, Israel is besonder getrou daarin om gereeld offers aan die Here te bring. Hulle kom hulle godsdienstige pligte getrou na. Maar dit is wat hulle offers geword het – godsdienstige pligte. Israel se diens aan die Here het vormgodsdien geword. Hulle het soos robotte deur die godsdienstige rituele gegaan. Outomaties het hulle maar net gedoen wat hulle voorgeskryf is.

Hoor nou net watter valse idees in hulle begin leef het oor die offers wat hulle aan die Here gebring het. **Ek wil geen jong bul uit jou stal hê of bokke uit jou krale nie, want al die diere in die bos is Myne, die wild op die duisende berge. Ek ken al die voëls van die berge; al wat roer op die veld, is Myne. Ek sou jou nie vra as Ek honger sou kry nie, want aarde en alles wat daarop is, behoort aan My. Eet Ek miskien die vleis van die bulle wat julle offer, of drink Ek die bloed van bokke?** (Psalm 50:9-13 AFR1983)

Die volk het die idee begin kry dat hulle ’n baie groot guns vir die Here doen wanneer hulle hulle offers vir Hom bring. Wanneer hulle offers vir die Here gebring het, het hulle gedink: “O, ek gee vir die Here.” Hulle het dit gedoen so asof die Here behoefte het aan hulle offers. Hulle het gegee asof die Here die vleis van hulle offers vir sy aandete nodig sou hê. Hulle het gedink: “Ek sal een lam uit my kraal vat sodat die Here vanaand aandete kan hê, want Hy is afhanklik van my om vir Hom kos te gee.” Die Here maak dit egter baie duidelik: **Ek sou jou nie vra as Ek honger sou kry nie, want aarde en alles wat daarop is, behoort aan My.**

In vergelyking met hierdie uitspraak van die Here, luister net weer na die vraag in ons Kategismus: **Waarom is die gebed vir die Christene nodig?** Daar is mense wat sê God weet mos alles, daarom is dit nie nodig dat ek dit vir Hom in gebed moet sê nie. Met hierdie opmerking maak mense asof hulle nie nodig het om te bid nie. Aangesien mense dink dat hulle nie gebed nodig het, word gebede

by hulle ook godsdienstige pligte – iets wat jy nou maar moet doen om die Here tevrede te hou. Met so 'n redenasie maak ons asof die Here van ons afhanklik is om gelukkig en tevrede te wees. Die Here is nie en was nog nooit van mense afhanklik nie. Hy is die lewe self. Hy is gelukkig en tevrede in Homself. Hy is en bly altyd God. Ek as mens kan Hom nie God maak met gebede nie.

Geliefdes, mense wat redeneer dat hulle nie nodig het om te bid nie omdat die Here reeds weet wat hulle nodig het, gaan van die standpunt uit dat die gebed net 'n versoeklysie is. In gebed vra jy net vir die Here wat jy nodig het. Natuurlik vra ons in gebed vir die Here wat ons nodig het. Jesus leer ons immers om te vra vir ons kos en vergifnis van sonde in gebed. Maar dit is nie al waarom ons bid nie. Wie van die gebed 'n inkopielysie gemaak het, het van die Here 'n kelner gemaak wat rond moet skarrel om jou tevrede en gemaklik te hou. Die mens moet tog net nie ongemaklik word nie, want dan begin hy sanik.

Israel moes nie die offers bring om kos vir die Here te gee nie. Dit is nie die Here wat die offers nodig het nie. Israel het die offers nodig. Die Here het aan Israel die offers gegee sodat daar versoening vir hulle sondes kon kom. Die straf op die sonde is tog die dood, maar as die mens sterf vir sy sonde is dit vir altyd verby. Daarom gee die Here die offers sodat die bloed van die bulle en bokke hulle sondes kan bedek, sodat hulle 'n intiem persoonlike verhouding met die Here kan hê. Dit is wat die Here van sy volk verlang. Hy wil hulle naby Hom hê sodat hulle 'n warm en intieme verhouding met die Here kan hê.

En nadat Israel die diere geoffer het om hulle sonde te bedek, moet hulle aan die Here dank offer. Hulle behoort die Here te dank en te loof omdat Hy so genadig was dat Hy die bloed van die dier aanvaar het as 'n betaling vir hulle sondeskuld. En alhoewel dit nog nie die volmaakte offer is wat hulle sonde geheel en al wegneem nie, dank hulle die Here dat hulle tog met Hom 'n intiem persoonlike verhouding mag hê.

Die mens wat vanuit hierdie genade van die Here lewe, hoef nie offers vir die Here te bring om sy arm te draai nie. Hulle wat uit die genade van die Here lewe – hulle wat weet hoe afhanklik hulle van die Here is – kan maar net vra dat Here hulle moet help en Hy sal hulle red. Al wat die mens dan moet doen is om die Here te eer.

Kyk nou net waarom ons nodig het om te bid, broers, susters en kinders. Ons het nodig om te bid om God te dank en te prys. Dit is die belangrikste deel van ons gebed. Die gebed is vir ons nodig sodat ons aanhoudend kan besef hoe afhanklik ons van God is. In die gebed kan ons immers ons hele hart voor die Here uitstort en Hy raak nie geïrriteerd met ons nie. Wanneer ons die Here van al ons probleme en die dinge wat ons pla vertel, sal ons nooit die gevoel kry dat ons sy tyd mors nie. En ons vra met danksegging, want tot nou toe was die Here nog altyd genadig met ons.

Gebed is die vernaamste deel van ons dankbaarheid aan God, want die belangrikste deel van ons gebed is om God te dank en nie te vra nie. In die gebed tree ek en jy regstreeks in gesprek met God. Ons praat met Hom en dank Hom vir al die seëninge en liefde wat ons van Hom ontvang. Met baie ander mense moet ons afsprake maak as ons met hulle wil praat. Met die Here het ons altyd 'n afspraak. Enige tyd van die dag of nag kan ons met die almagtige God praat wat alles gemaak het.

As ons sê dat gebed die belangrikste deel van ons dankbaarheid is, sê ons ook dat ons gebed die antwoord is op God se genade in ons lewens. Wanneer ons bid, wys ons dat ons die Here liefhet omdat Hy ons eerste liefgehad het. Al sou ons die Here dien en dank deur 'n voorbeeldige, Christelike lewe, deur die bywoning van eredienste, deur die gee van dankoffers, en wat ook al, maar ons bid nie, dan is daar duidelik 'n groot skroef los in ons geloofslewe. Hoe kan 'n mens nooit of weinig kere met Hom praat vir wie ons sê dat ons Hom van harte liefhet. As 'n mens lief is vir iemand, maak jy tyd om met daardie een te praat.

'n Dankbare, Christelike lewe sonder gebed is dus onmoontlik. En om ons te leer hoe belangrik dankbaarheid in ons gebed is, hoor ons juis hier in Psalm 50. Die Here wil nie in die eerste plek 'n klomp offers van watter aard ook al hê nie. Alles wat op die aarde is, is klaar syne. Hy wil hê ons moet Hom prys; lof is die offer wat jy aan God moet bring.

Ons gebede is nie offers om die Here tevrede te stel nie. Ons gebede is om dankie te sê vir die volmaakte offer wat Jesus Christus vir ons gebring het. Met sy bloed was die Heilige Gees ons sondes geheel en al weg. Elke keer wanneer ons opreg ons skuld bely en vergifnis smeek by God, was die bloed van Christus ons sondes skoon weg. Vir altyd is dit dan weg, want God wil nie eers weer daaraan dink nie. En daarom dank ons die Here vir sy groot genade.

Geliefdes, gebed is vir ons nodig sodat ons die Here kan loof en dank. En in ons lof en dank aan die Here besef ons hoe afhanklik ons van Hom is. Dit is juis op hierdie punt, naamlik ons afhanklikheid van God, waar ons keer op keer so maklik faal. Wanneer dit goed gaan met ons en al ons planne val mooi in plek, dan kom daar by ons mos hierdie gevoel dat ons vir onself kan sorg. Ons kan alleen regkom en het nie iemand anders nodig nie. En hoe langer dit goed gaan hoe makliker gebeur dit dat ons ook vergeet dat ons van God afhanklik is. By die moderne mens is hierdie geaardheid om onafhanklik te wil wees nogal sterk. Met al die vooruitgang op die mediese terrein en ander tegnologie is baie mense vandag geneig om onafhanklik van alles en almal te wil lewe.

Dit is oor hierdie dwase streep in ons mense dat die Here ons eintlik beveel om te bid. Bid gedurig, sê die Here. Omdat die Here weet hoe afhanklik ons eintlik van Hom is, en omdat ons so maklik kan vergeet dat ons van Hom afhanklik is, beveel die Here ons om gedurig te bid.

Maar nou is daar ook mense wat sê dat 'n mens nie beveel moet word om te bid nie. Hulle gaan eerder van die standpunt uit dat 'n mens moet bid wanneer jy so voel. As jy lus het of 'n behoefte het, moet jy bid, en nie omdat jy beveel word nie. Mense wat so redeneer, sê dit is skynheilig om te bid wanneer jy beveel word om te bid.

Hierdie siening is egter baie gevaarlik. As ons net bid wanneer ons so voel of lus het daarvoor, sal die duiwel sorg dat jy nooit lus voel om te bid nie. En hoe langer ons toegee en hierdie gevoel in ons onderdruk, hoe meer raak 'n mens daaraan gewoond om nie te bid nie. En op die ou end kom jy agter dat jy nooit meer tot die Here bid nie.

Om ons teen hierdie dodelike gevaar te beskerm, het Christus ons beveel: Julle moet bid! Juis wanneer ons nie lus het om te bid nie, moet ons hierdie innerlike koudheid en doodsheid voor God bely. Ons moet die Here smeek om weer die begeerte in ons te wek om te bid. Die Here het immers sy Heilige Gees aan ons gegee, want Hy maak ons gewillig en bereid om die Here te dien. Ons moet smeek dat die Heilige Gees ons gewillig en bereid sal maak om te bid. Op hierdie weg van volharding in die gebed sal die Heilige Gees ook in ons die behoefte werk om weer en meer bid.

Gebed is nie vir die Here nodig nie. Gebed is vir ons so nodig dat God ons beveel om te volhard in die gebed.

Geliefdes, as ek en jy regtig wil weet of ons opreg dankbaar is vir die Here se genade, moet ons in die eerste plek nie na ons voorbeeldige lewe gaan kyk nie. Ons moet onself afvra of ons nog bid. En as ons nog bid, moet ons na die woorde van ons gebede gaan kyk. Is ons gebede net 'n lysie van versoeke aan die Here of sê ons regtig vir Hom hoe dankbaar ons is vir sy liefde wat ons ontvang?

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 50:1, 7 (p. 253) (op die tweede melodie van Ps 59, p. 289)

- 1 Die grote God, die HERE spreek! / Hy roep, Hy daag die aard', van waar  
die son in goudglans uit kom breek / tot waar hy sterwend neer sal vaar.  
Uit Sion, sonder voorbeeld skoon, / spreid God sy ligglans ver ten toon.
- 7 "Kom, offer Gode dank en prys! / Geloftes aan die HEER gedaan,  
betaal dit Hom met eerbewys! / En roep in tyd van nood My aan.  
Ek sal jou uithelp, sê die HEER; / en dankbaar-bly sal jy My eer."

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
26 Februarie 2012